DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**23 Januarie 2022**


Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Handelinge 20: 17 - 38 |
| **Tema** | Wees herders vir en van mekaar |
| **Sang** | Psalm 100: 1, 2, 4<br>25: 2<br>23: 1, 2<br>Skrifberyming 1-1: 1, 7<br>Psalm 134: 1 (almal), 3 (mans), 4 (almal) |

Ons bevestig vandag ouderlinge en diakens in ons gemeente. Dit is ‘n wonderlike voorreg om ‘n dienswerker in die Koninkryk te mag wees. Elkeen is geroep, sommige tot ‘n baie spesifieke roeping. Ons het Opsieners – ouderlinge, Bediendes – diakens en Gelowiges.

Paulus se afskeidsgesprek roer 'n mens. Daar was ‘n spesiale band tussen hom en die gemeente van Efese en die trane het gevloei toe hulle besef dat hulle hul geliefde leermeester nie weer sal sien nie. Die afskeidswoorde van Paulus onderstreep hoe ernstig hy sy bediening beskou het, hoe hy drie jaar lank dag en nag in sy persoonlike gesprekke, in sy prediking en sy huisbesoek, daarna gestrewe het om die mense aan Christus bekend te stel — en om hulle geestelik te laat groei.

Paulus het, ten tweede, daarvan melding maak dat hy die volle heilsplan van God aan die gemeente deurgegee het — nie sy eie persoonlike voorkeure nie. Ten derde kon Paulus met 'n rein gewete afskeid neem. Hy het sy werk behoorlik gedoen. Ten laaste het Paulus se hele bediening daarvan getuig dat hy dapper was, dat hy sy lewe op die spel geplaas het ter wille van die Evangelie.

Met groot erns het Paulus sy verantwoordelikheid op die skouers van die leiers in die gemeente oorgeplaas: “Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters ‘n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg”. Dit is vir ons vreemd dat Paulus begin om vir die ouderlinge daarop te wys om hulleself op te pas. Om op te pas beteken om jou voortdurend toe te rus. Toerusting gebeur deur erns met die Woord van die Here te maak. Die Heilige Gees praat deur die Woord met elke dienswerker in die gemeente. Paulus se afskeidsrede is die rigsnoer vir elkeen van ons. Sou jy, aan die einde van jou lewe, die vierdubbele toets slaag: dat jou getuienis vir die Here altyd jou erns was, dat jy die volle heilsplan van God aan ander deurgegee het, dat jy 'n absolute rein gewete het oor hoe jy jou werk gedoen het, en dat jy so dapper was dat jy ter wille van Jesus jou lewe in jou hand geneem het?

# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse en hulle kinders. Ons Vader is barmhartig en genadig in elke situasie.
* Ons is saam met Alwina en JN Beyneveldt dankbaar dat sy tuis is en bid haar spoedige herstel toe.
* Baie geluk aan die ouderlinge en diakens wat vanoggend bevestig is. Mag die Here julle dienswerk seën in die gemeente waarin God julle groep het.
* Ons doen weer 'n beroep op al ons lidmate om die maskers op te hou tydens die erediens. Kom ons stel ons daarop in om diegene rondom ons gesond te hou. Ons kinders by die katkisasie moet ook asb hulle maskers op hou.
* Ds Sarel het die spiere in sy kuit geskeur en mag op mediese aanbeveling nog nie die komende week bestuur of lank sit nie. Ons sal die eerste week in Februarie met die Bybelstudie begin. Baie jammer vir die ongerief.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 23 NOV

**Diensbeurt:** Wyk D1

**Katkisasie:** Graad 10

**Ouderling:** **Johan Maritz**

**Diaken:** **Peet Oosthuizen**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Dringend opsoek na ‘n 2 of 3 slaapkamer meenthuis:
Moet dier vriendlik wees en ‘n klein tuin / erf hê.

Kontak Lynn-Marie Combrink ***DRINGEND*** op 065 944 8581, sou jy jou eenheid wou verkoop.



# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 24 Jan 2022 | 18:00 | ***Kerk*** | Finanskommitee |
| 25 Jan 2022 | **Geen** | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 26 Jan 2022 | **Geen** | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 26 Jan 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 27 Jan 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 27 Jan 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 23 Jan | Patty Pelser<br>Nihan Snyman | 65<br>9 | B<br>D | 072 376 8967<br>079 500 3458 |
| Ma 24 Jan | ***Antoinette Sauermann*****<br>Sandra Eloff<br>Chrisna Stander | ***80***<br>62<br>59 | B<br>B<br>B | 082 366 5041<br>076 644 1175<br>082 804 6912 |
| Di 25 Jan | Annemarie Du Plessis<br>Amy O'Reilly<br>Anke O'Reilly<br>Ryan Carlisle | 57<br>17<br>12<br>12 | B<br>D<br>D<br>D | 083 255 9390<br>082 421 6982<br>082 554 2288<br>082 745 7409 |
| Wo 26 Jan | ***Jan Cloete ***** | ***82*** | B | 083 361 8839 |
| Do 27 Jan | Tom Roets<br>Erik Nel<br>Saré Nel<br>JJ Du Plessis | 64<br>17<br>15<br>13 | B<br>D<br>D<br>D | 082 852 4509<br>083 337 3486<br>083 337 3486<br>081 094 0357 |
| Vy 29 Jan | ***Ina Fouche **** | ***76*** | B | 083 468 2130 |

# TEESKINKBEURTE



**23 Januarie 2022 Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# ATTESTATE ONTVANG


Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :


Belydende lidmate Corné en Michell van Greunen vanaf GK Potgietersrus-Wes.

Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.






GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 129 326.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92
SEP
R 112 611.00
R 125 038.92
OKT
R 111 270.83
R 131 749.06
NOV
R 119 456.00
R 148 081.17
DES
R 148 026.00
R 139 167.17


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
INKOMSTE
UITGAWES
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 48 167.00
R 27 227.60
JUN
R 15 887.90
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38
AUG
R 19 667.20
R 28 444.27
SEP
R 22 410.00
R 18 569.61
OKT
R 29 313.70
R 22 972.78
NOV
R 45 686.72
R 19 607.58
DES
R 26 780.00
R 26 363.64

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.*

*Handelinge 20: 28*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS